

Central Provincial Loft
Sentrale Provinsiale Hok

34267, FAUNASIG 9325, ☎083 511 8736 ,
086 741 0540, strydomk@mtnloaded.co.za
www.bosveldsales.co.za

NUUSBRIEF MEI 2013 / NEWSLETTER MAY 2013

Die jaar stap vinnig aan en by die Sentrale Hokke in Bloemfontein is dit 'n miernes van bedrywighede. Ons is druk besig om die duiwe om die hok te oefen aangesien ons oor twee weke met die pad-oefeninge begin. Die eerste Hotspot vanaf Colesberg vind plaas op 5 Julie.

Die aanloop na kwaliteit wedvlugte is vir ons 'n baie belangrike fase en word daar veral nou baie tyd en aandag aan die duiwe spandeer.

Ons wil graag 'n paar feite met u deel. Die duiwe word in goed geventileerde hokke akkommodeer met genoeg vloerspasie vir die aantal duiwe in die hok; die hokke word weekliks skoongemaak en ontsmet; die waterbakke word daagliks gewas en ontsmet. Die afdeling waar die duiwekos voorberei word is toegerus met 'n spesiale vakuumsif asook 'n aangepaste meng en poleerder wat met 'n blaser toegerus is wat 'n stofvrye en poleerde kosmengsel produseer. Dit is vir ons belangrik dat u duiwe in 'n skoon, goed geventileerde omgewing bly en dat hulle kwaliteit voeding ontvang.

Wanneer die padoefeninge begin sal die duiwe met 'n nuut ontwerpte hysertoestel gelaai word wat stress tot 'n minimum beperk. Hierdie toestel sal ons in staat stel om die >1,000 duiwe binne ongeveer 45 minute te laai. Daarna word die duiwe in 'n doelgeboude voertuig vervoer met genoeg ventilasie en temperatuurbeheer.

Die doelwit van die Sentrale Provinsiale Hok is dus om gesonde, fikse en goed voorbereide duiwe aan te bied vir die prysgeld wedvlugte, vanaf die eerste Hotspot tot die finale wedvlug en om ons verliese tot die minimum te beperk. Om daarin te slaag is daar vele uitgawes van toepassing, soos bv duiwekos, medisyne, elektroniese ringe, salarisse, brandstof, water en ligte, infrastuktuur, lisensiefooie vir die klok, kommunikasiekoste en vele meer.

Die Sentrale Provinsiale Hok kom dus hulle deel van die ooreenkoms na om so goed moontlik na u duiwe om te sien. Ongelukkig is daar nog steeds 'n groot aantal duiwe wat nie betaal is nie. **Hiermee word u DRINGEND versoek om alle uitstaande fooie, insluitende die R200 hokfooi vir die spaarduiwe, teen 31 Mei 2013 te vereffen.** **Hierna sal ons gedwing wees om onbetaalde duiwe te verkoop of tydens oefenvlugte te de-aktiveer. Eienaars sal dus nie op hoogte kan bly van hul duiwe se vordering nie.** Die uitstaande aktiveringsfooi van R800 vir die spaarduiwe wat nog in die hok is teen die eerste hotspot moet betaal word voor 30 Junie.

Baie dankie aan elkeen wat alreeds sy duiwe vereffen het. Ons waardeer u samewerking werklik.

In die week van 15 April is al die duiwe hanteer, gemerk met die telefoonnommer van die hok, gespuit vir Paramyxo en op die klubeenheid skandeer om die elektroniese ring te toets. Die lys van 15 April is dus die jongste volledige lys van duiwe in die hok. Hierdie lys is beskikbaar op die webtuise www.bosveldsales.co.za.

Ons wil graag die beste vir u duiwe gee en die hok op 'n eerlike en deursigtige manier hanteer, maar dit raak uiters moeilik as die deelnemers nie hulle kant van die ooreenkoms nakom nie.

At the Central Provincial Loft the training of the pigeons is going well and in two weeks' time we shall start tossing. The first Hotspot from Colesberg will take place on July, 5th.

The training phase is an important stepping stone to quality racing and we are spending a lot of time to ensure healthy and fit pigeons.

We would like to share a few facts. We supply well ventilated and spacious accommodation with weekly cleaning and disinfection of the loft and daily cleaning and disinfection of the water bowls. We supply a good quality pigeon food, sifted with vacuum and mixed and polished with a blower attachment to ensure a well mixed, dust free and polished mixture. To us it is important that the pigeons are accommodated in a clean, well ventilated loft and receive quality food.

When we start with the roadwork the bird will be loaded with a specially designed skip that minimizes stress. This skip will enable us to load the >1,000 pigeons in less than 45 minutes. They will then be transported again in a specially designed transporter with adequate ventilation and temperature control.

At the Central Provincial Loft we strive to put forward fit, healthy and well prepared pigeons for all prize money races, from the first hotspot to the final race and thus minimize our losses as far as possible. This is an expensive goal and expenses like food, meds, electronic rings, salaries, fuel, energy, infra structure, licensing fees, communication fees, etc, etc need to be addressed.

We feel that in taking good care of your pigeons we are sticking to our part of the deal. Unfortunately there are still a lot of unpaid pigeons and thus fanciers that did not stick to their part of the deal. **We thus URGENTLY request all fanciers to pay all outstanding fees, including the R200 perch fee of the reserve pigeons by 31 May 2013.** After this date we will be forced to put all unpaid pigeons up for sale and/or de-activated them. Owners of unpaid pigeons will thus be unable to follow their progress in training flights. The R800 reserve pigeon activation fee is only payable by June, 30th.

Thank you very much to every fancier that kept to their part of the deal and paid their entries. We really appreciate your cooperation.

During the week of April 15th we vaccinated every pigeon in the loft with PMV1, supplied them with a contact number for the loft and tested all electronic rings on the club unit. The list is available on our website www.bosveldsales.co.za and includes every pigeons in the loft at that stage.

We strive to handle this loft in an open and above board manner but need the support of our fanciers to achieve our goals.

Regards

KOOT STRYDOM